

Maandag

Vyfde Reformasiepreek. Romeine 8: 32 Jesus Christus het gekom om vir ons God se gawe te wees, nie God se voorbeeld vir ons te wees nie. Alles wat Hy kom doen het, sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, is wat Hy vir ons, in ons plek, doen wat ons nie self kan doen nie, sodat Hy, volgens vers 32, alles wat Hy bewerk het vir ons saam met Hom as gawe kan skenk. Sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, is nie sy voorbeeld van wie ons moet wees en wat ons moet doen nie. Dit is wie Hy alleen is en wat Hy alleen doen, wat ons nie self kan wees of doen nie. Hy sluit ons in sy geskiedenis in op so wyse dat ons alles wie Hy vir ons is en wat Hy vir ons gedoen het, met Hom deel. Martin Luther het gesê dat sou Jesus vir ons 'n voorbeeld gewees het, Hy vir ons net so min sou beteken het as al die mense wat in die Rooms Katolieke Kerk as heiliges vereer en aangeroop word. Dit help ons net mooi niks as Hy of hulle vir ons wys wat om te doen nie, want ons kan nie doen wat Hy of hulle vir ons wys nie. Hy alleen help ons deur vir ons sondes gestraf en veroordeel te word, en deur in ons plek heilig en regverdig te leef omdat ons dit nie kan doen nie. Ons kan nie, mag nie en moet nooit soos Jesus wees en maak nie. Hy moet ons by Hom insluit om alles wat Hy doen en wie Hy is, ons gawe, ons geskenk, te maak. Dan help Hy ons! Preek beskikbaar as mp3 of manuskrip op Google by ngkerkleuvubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Kolossense 1: 22-23. Om heilig te wees volgens die Bybel is om ten volle lief te hê soos God sê ons moet liefhê. Heilig gaan oor liefde van ten volle is, heeltemal is, met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou kragte moet jy God lief hê, en jou naaste soos jouself, nie met jou hele hart, siel en verstand soos vir God nie. Hierdie liefde is volkome liefde. Deur die evangelie is elkeen wat in Jesus Christus ingesluit is se liefde voor God heilig, sonder smet en onberispelik. Dit is hoe Christus se dood ons voor God stel. Hy het as mens volkome liefde vir God en sy naaste uitgeleef maar sy liggaam, Hy as mens, was geoffer as die volkome offer vir hulle wat deur hulle verwronge liefdes vervreem van en vyandiggesind teenoor God is. Verwronge liefdes is mense wat mekaar per geleentheid met hulle hele hart, siel en verstand en al hul kragte liefhet, en God ook per geleentheid net soos hul self lief het. Die geheimnis van Christus is dat Hy ons insluit in wie Hy vir ons is en alles wat Hy vir ons is en gedoen het, met ons deel. Kolossense 1: 26,27. Só maak Hy ons ons liefde vir God heilig, sonder smet en onberispelik, deur Hom self as gawe aan ons te gee. Daarom wek hierdie evangelie in ons die hoop dat ons God se heiliges is: Hy laat ons en ons liefde vir Hom volkome wees, al is dit gebrekkig en onvolmaak. Daarom is volgens Paulus elke gelowige vir God deur Christus 'n heilige en spreek Paulus elke lidmaat van elke gemeente aan as die heiliges. Ds. Petrus

Woensdag

Kolossense 1: 22-3. Volgens die Rooms Katolieke Kerk (RKK) is daar oor die 4000 jaar vanaf Abraham tot en met vandag nog net 8050 heiliges gewees. Nie een van die ander 1.2 biljoen Rooms Katolieke of 1 biljoen ander Christene vandag, is

volgens die RKK heiliges nie. Hierdie 8050 is volgens hulle die enigstes wat dit reggekry het om soos Jesus te geleef het. Die ander biljoene het probeer, maar dit nie reggekry nie. Hulle sou Jesus se voorbeeld so goed nagedoen het dat hulle vir God baie meer liefde sou gegee het as wat vir hul eie heiligheid nodig sou gewees het. Daarom sou hulle vandag ook baie nader aan God en op 'n vriendeliker voet met God wees as die ander 2.2 biljoen onheiliges. Hierdie 8050 kan daarom, net soos Jesus, vir jou met gebede by God intree en met hulle oortollige heiligheid vir jou onheiligheid by God instaan. Omdat hulle so na aan God is, kan in hulle naam ook wonderwerke gebeur, net soos deur Jesus se Naam. Wat Jesus vir ons doen, doen Hy nou volgens hulle saam met 8050 ander tussengangers wat sy voorbeeld gevolg en reggekry het. Daarom wil hulle dat ons hulle as tussengangers tussen ons en God eer en aanroep, net soos vir Jesus. Toe die Reformasie ontdek Christus is nie ons voorbeeld is nie, maar ons gawe, het hierdie 8050 heiliges in die niet en uit ons geloof verdwyn. Daarom leef ons nou in die geloof dat net Christus ons gawe is, sonder enige ander tussengangers tussen ons en God. Gal. 3:20. ds. Petrus

Donderdag

Kolossense 1: 22-23. Om heilig te wees, is nie meer deel van elke NG lidmaat se geloofsidentiteit nie, want hulle word geleer dat net hulle wat vervul is met God se krag kan soos Jesus leef! Jesus is weer net die voorbeeld van 'n goddelike lewenswyse. Hierdie valse evangelie word só verkondig: Lidmate wat glo in Jesus is gered, maar het nog nie met 'n lewe van heiligmaking begin nie; Jy kan glo, maar jy is nie heilig of leef soos Jesus nie; Om soos Jesus te kan leef, moet jy na jy tot geloof gekom het, met die krag van God vervul of gedoop word; Eers wanneer jy hierdie goddelike krag kry, sal jy soos Jesus kan bid, kan leef, kan liefhê, kan genees en ook wonders kan doen. Vir hierdie geestelikes is Jesus nou weer die voorbeeld wat jou wys hoe om goddelik te wees en met goddelike krag te leef. Hulle glo dat wanneer jy so met Jesus se voorbeeld en goddelike krag leef, dan sal jy God se oë, hande, voete en God se ore word vir mense, sal jy God se liefde so uitstraal dat ander mense God se liefde in jou sal kan ervaar. Jy sal soos Jesus vir God 'n tussenganger by mense word. Jy sal vir mense wat nie so na aan God leef nie, 'n voorbidder by God wees. In die NG Kerk se godsbedryf kan net 'n paar mense werklik hierdie tipe heiligheid uitleef en bereik, al probeer almal. Waar ons hierdie tipe Jesus as voorbeeld verwerp en weer glo die Here is ons gawe, sal ons ontdek elke lidmaat is 'n heilige en sal ons hierdie godsbedryf van God se goddelike krag tot 'n einde laat kom. Ons sal weer reformeer. ds. Petrus

Vrydag

Christus wat ons gawe is, bind ons weer aan die Tien Gebooie as die wyse waarop ons in sy liefde leef. Mat.5:17. Liefde volgens die Tien Gebooie is verstaanbaar en duidelik. Deut.30:11-14. Gelowiges sukkel met hierdie ware liefde, maar ons wil dit as ons lewenslange kruis dra omdat ons Christus se heiliges is. Mat. 16: 24. Geestelikes maak vandag van Jesus as voorbeeld 'n klomp nuwe geestelike wette, om die gesukkel met ware liefde te ontduik. Terwyl ons sukkel met die gebod dat jy 'n

dronk ouer as ouer moet eer, is dit vir hulle maklik om so klein soos Jesus in die krip te word om God in hulle lewe te besit; Terwyl ons sukkel om, met 'n hardvotige man of koue vrou in die huwelik, nie egbreuk met ons oë te pleeg nie, is dit vir die geestelikes maklik om soos Jesus hul self voor mense met selfminagting te verneder; Terwyl ons sukkel om nie geld te verduister wanneer ons ons eiendom kan verloor nie, is dit vir hulle maklik om hul eie-ek soos Jesus te kruising; Terwyl ons sukkel om nie die mense wat ons eie waarde doodmaak te haat nie, is dit vir hulle maklik om soos Jesus hul eie-ek dood te maak; Terwyl ons sukkel om nie aanmatigend en hooghartig te wees teenoor onbevoegde amptenare nie, is dit vir hulle maklik om God in hulle te laat leef en vir almal uit te straal. Christus as gawe maak dat ons met die regte wet wil sukkel, terwyl geestelikes met Jesus as voorbeeld die gesukkel met die wet ontduik. Hierdie godsvervuldes dra nie die kruis van die wet soos gelowiges wat geheilig is nie. Mat. 15: 8,9 en Kol. 2:23. ds. Petrus